# WITZENBERG NUUS

Municipality • Munisipaliteit • U Masipala Wase

*'n Munisipaliteit wat omgee vir sy gemeenskap deur groei en geleenthede te skep!* **September - Oktober 2024**




*Uitvoerende Burgemeester*
*Rdl Trevor Abrahams*




## Van die Burgemeester se Lessenaar

Goeiedag,

Lente is hier en die somer is om die draai, wat beteken dat nog 'n wonderlike jaar ten einde spoed. Dis goed om nou bietjie te besin oor daardie dinge waar sukses behaal is en daardie dinge waar ons steeds te kort skiet. Hierdie bestekopname van hoogte- en laagtepunte ten spyt, moet ons nie moed verloor nie en standvastig bly in ons voorneme om 'n verskil te maak.

As Raad het ons onlangs die plaaslike langafstandatleet en Parys Olimpiese atleet, Adriaan Wildschutt, vereer met 'n spesiale viering wat in Tulbagh gehou is (foto heel onder). Tydens die Olimpiese Spele het Adriaan nie net 'n nuwe persoonlike rekord opgestel nie, maar ook 'n nuwe nasionale rekord in die 10 000 m-wedloop. Hierdie jong atleet is so 'n inspirasie en 'n groot rolmodel vir ons almal, veral die jeug.

Die munisipaliteit, mét die deelname van diverse belanghebbendes, het onlangs Witzenberg se behoefte-assessering van en reaksieplan op klimaatsverandering bekendgestel. Hierdie plan identifiseer bestaande klimaatsverwante kwesbaarhede op munisipale vlak binne ons area in die Wes-Kaap. Dit sit die response uiteen wat deur die plaaslike regering aanbeveel word om hierdie kwessies aan te spreek en om te verseker dat almal by die oorbrugging daarvan betrek word. Lees meer op bladsy 2.

Ons hou van September tot Oktober 'n rondte deelnamevergaderings met betrekking tot die GOP. Die datums en plekke word deurentyd gekommunikeer. Maak seker dat u hierdie vergaderings bywoon. Vir meer inligting: admin@witzenberg.gov.za of 023 316 1854.

Op 'n meer sombere trant bly die erge vandalisme en diefstal van munisipale infrastruktuur en eiendom 'n groot bron van kommer. Dit het tot gevolg dat miljoene rande daaraan bestee moet word om infrastruktuur te herstel en, in die meeste gevalle, te vervang om te verseker dat basiese dienste aan alle gemeenskappe gelewer kan word. Die geld wat hieraan bestee word, plaas die munisipaliteit se beperkte begroting en finansies onder nog groter druk, wat beteken dat dit al hoe moeiliker word om geleenthede vir die verbetering van dienslewering en die opheffing van die samelewing te benut.

Voorts, alhoewel dit goed oor die afgelope winterseisoen gereën het en ons damme vol is, doen ons steeds 'n beroep op almal om aan te hou om water spaarsaam en verantwoordelik te gebruik. Moet asseblief ook nie nalaat om enige geval van watervermorsing aan ons beheerkamer te rapporteer nie.

Kom besoek gerus een van Witzenberg se toerismekantore (onderskeidelik op Ceres, Tulbagh en Wolseley geleë). Ons sien daarna uit om julle eersdaags in Witzenberg te verwelkom. Mooi loop!






# Munisipale reaksieplan op klimaatsverandering bekend gestel

Witzenberg Munisipaliteit, tesame met die Democracy Works-stigting (DWS), het onlangs sy nuutontwikkelde behoefte-assessering en reaksieplan op klimaatsverandering bekend gestel. Hierdie plan identifiseer bestaande klimaatsverwante kwesbaarhede op munisipale vlak in Witzenberg, binne die Wes-Kaapse Provinsie. Dit sit die response uiteen wat deur die plaaslike regering aanbeveel word om hierdie kwessies aan te spreek en te verseker dat niemand agterweë gelaat word in die oorbrugging daarvan nie.

DWS, tesame met Green Patch Connect, het die plan op amptelike versoek van die Witzenberg Munisipaliteit ontwikkel. Voorts is die plan in noue samewerking met die munisipaliteit ontwikkel en aan omvattende oorlegpleging met belanghebbendes vanuit die openbare en private sektor sowel as die burgerlike samelewing onderwerp. Die DWS-span het ook verskeie fokusgroepbesprekings met verskillende openbarebelangegroepe gehou soos, byvoorbeeld, met verteenwoordigers van die landbousektor ('n vername aandrywer van die ekonomie in hierdie munisipale gebied), en het die konsepplan formeel aan die Raad voorgelê ten einde die aanvaarding van die plan te fasiliteer.

Hierdie inisiatief is deel van die stigting se voorneme om goeie regeringsbestuur van klimaatsverandering via sy projek bekend as *Fostering Inclusive Growth through Climate Change Champions* (afgekort as FIG CCC) te ondersteun. In lyn met die raamwerk vir regverdige oorgang het dié projek ten doel om die burgerlike samelewing se deelname aan die munisipale en private sektor se besluitnemingsprosesse binne die klimaatsverandering- en ontwikkelingsneksus te verbeter. Die deelname van veelvuldige belanghebbendes aan die ontwikkeling van die werktuie wat munisipaliteite van voorneme is om in te span om klimaatsverandering die hoof te bied, is 'n vername uitkoms van hierdie projek.

Die trant van die bekendstelling was dat die projek nou afgehandel is en dat die beplanningswerktuie vir klimaatsverandering aan die munisipaliteit vir goedkeuring en implementering oorhandig is, terwyl die geleentheid tegelyk gebruik is om munisipale amptenare bekend te stel aan ondersteuningsnetwerke vanuit regeringsweë sowel as die private sektor wat kan help om die volhoubaarheid te verseker van die munisipaliteit se meganismes om vir klimaatsverandering te beplan en daarop te reageer. Witzenberg Munisipaliteit het die hoogste waardering vir die DWS as 'n sleutel- strategiese vennoot, en ons stel die geleentheid om die demokratiese prosesse verwant aan plaaslike regerings se beplanning vir en reaksie op klimaatsverandering te verdiep hoog op prys. Die FIG CCC-projek word ko-befonds deur die Europese Unie en is in Suid-Afrika van Maart 2021 tot Augustus 2024 in die Noord-Kaap en Wes-Kaap onderneem.

# SKULDAFBETALING DEUR KOOPKRAG-INVORDERING

Aanvullende afbetalings via koopkragaankope is ŉ skuldinvorderings-meganisme wat ooreenkomstig die munisipale **beleid oor kredietbeheer en skuldinvordering** ingestel is. Dit is reeds vir baie jare deel van Witzenberg Munisipaliteit se skuldinvorderingsbeleid maar is eers onlangs as ŉ skuldafbetalingsmeganisme geïmplementeer.

Dit kom daarop neer dat as daar agterstallige of uitstaande skuld op ŉ kliënt se munisipale rekening is, ons dit dalk deur koopkragaankope kan herwin.

**Hoe werk dit?** Wanneer jy koopkrag aankoop, trek ons ŉ persentasie van die elektrisiteitsaankope af wat dan aangewend word om jou agterstallige skuld af te betaal. Let asseblief daarop dat die aanvullende aftrekking nie ŉ boete is nie. Die geld word teen die uitstaande saldo op jou munisipale rekening gekrediteer.

**Hoeveel word afgetrek?** ŉ Gedeelte van die elektrisiteitsaankope (30%) word geneem en word teen agterstallige skuld wat betaalbaar is, verreken.

**Wanneer sal die aftrekkings stop?** Ons sal slegs ophou om aftrekkings van koopkragaankope te maak, as:

- Die kliënt se rekening tot op datum opbetaal is; of
- Die kliënt ŉ afbetalingsooreenkoms ooreenkomstig ons beleid oor kredietbeheer en skuldinvordering aangegaan het en daardie afbetalingsooreenkoms tot op datum gestand gedoen is.





**WITZENBERG MUNISIPALITEIT SE BANKBESONDERHEDE:**

| | |
|---|---|
| REKENINGNAAM: | ANDER BETAALOPSIES: |
| **WITZENBERG MUNICIPALITY** | **1) EFT** |
| NAAM VAN BANK: | **2) EASYPAY WEBSITE** |
| **FIRST NATIONAL BANK** | **(ONLINE) /EASYPAY MOBILE** |
| TAKKODE: **200107** | **3) PICK 'n PAY STORES** |
| REKENINGNOMMER: | **4) SHOPRITE USAVE** |
| **627 482 18444** | **5) SPAR KIOSK (SELECTED)** |




**FINANSIËLE KENNISGEWING: DATEER KLIËNTINLIGTING OP**

Witzenberg Munisipaliteit is verbind tot kliëntediens en om belangrike inligting aan ons kliënte te kommunikeer. Opgedateerde inligting verseker dat ons kliënte maandelikse state en enige munisipale aanmanings betyds ontvang. Die munisipaliteit kan munisipale rekeninge elektronies aan kliënte verskaf, en as jy 'n selfoon en/of e-posadres het, doen ons 'n beroep op jou om jou inligting op te dateer. Kliënte kan hul plaaslike munisipale kantoor besoek of 'n e-pos stuur aan account@witzenberg.gov.za om hul besonderhede op te dateer.



# MUNISIPALE VROUEDAGVIERING







# PUBLIEKE DEELNAME VERGADERINGS
## HERSIENING: 2025/26 GOP & BEGROTING

Hiermee word kennis gegee dat in terme van die Raad se Strategiese Prosesplan, daar nou begin sal word met 'n ronde van openbare deelname-interaksies ten einde die insette van die gemeenskap saam te stel ten opsigte van die Hersiening van GOP en Begroting vir 2025/2026.

Die GOP-vergaderings word gehou van **7-16 Oktober 2024**.

*Neem kennis van die verandering in datums.*

*Vergaderings sal ook gehou word met die verskeie forums en sektore.*

WITZENBERG
Municipality • Munisipaliteit • UMasipala Wase

| DAG | DATUM | TYD | DORP | WYK | PLEK |
|---|---|---|---|---|---|
| Maandag | 7 Oktober | 6nm | Ceres | 3 & 5 | Ceres Stadsaal |
| Dinsdag | 8 Oktober | 6nm | Wolseley | 2 & 7 | Montana Gemeenskapsaal |
| Woensdag | 9 Oktober | 6nm | Bella Vista | 4 & 6 | Bella Vista Gemeenskapsaal |
| Donderdag | 10 Oktober | 6nm | Op-die-Berg | 8 & 9 | Nyukintaba Gemeenskapsaal |
| Maandag | 14 Oktober | 6nm | P A Hamlet | 4 & 10 | Kliprug Gemeenskapsaal |
| Dinsdag | 15 Oktober | 6nm | Tulbagh | 7 & 11 | Witzenville Gemeenskapsaal |
| Woensdag | 16 Oktober | 6nm | N'duli | 1 & 12 | N'duli Gemeenskapsaal |

# KENNISGEWING VAN SKUT VAN DIERE

**Kennisgewing word hiermee gegee dat rondloperdiere geskut sal word ingevolge artikel 6(1) van die Witzenberg Munisipaliteit: Verordening met betrekking tot nr. 7404 van 19 Junie 2015.**

**Die eienaar van diere moet:** · Verseker dat sy/haar diere altyd onder beheer is en vergesel word van 'n dierewag · Verseker dat die diere geen gevaar vir die publiek of voertuie inhou nie · Verseker dat geen swerwende diere op enige openbare pad of in die omgewing van 'n openbare pad gevind word nie · Verseker dat enige dier in sy/haar besit duidelik gemerk is met die eienaar se unieke merk.

**Diere wat geskud word sal nie aan enige persoon oorhandig word nie, tensy:** · Hy/sy kan eienaarskap van die dier/e bewys · Alle koste aangegaan wat verband hou met die skut van die dier(e), insluitend mediese behandeling, inenting of enige ander behandeling ingevolge die Verordening, word ten volle betaal · Die dier(e) wat geskut word binne 14 dae na datum van en sluit die datum van eerste skut in.

**Skut koste:** · Die eienaar van enige dier(e) wat geskut word sal aanspreeklik gehou word vir die betaling van die geskut en enige ander koste wat aangegaan word tydens die verblyf van 'n dier in die skut · Die fooie van 'n dier wat geskut word versamel daagliks per dier per dag en sluit ook vervoerkoste in en, waar van toepassing, enige veearts dienste wat nodig geag word vir die welstand van 'n dier · Perde, koeie, varke, skape, bokke en enige ander dier, R150 per dag, bulle en hings, R200 per dag en ramme, R160 per dag.

**Tariewe sluit btw in:** · Alle diere sal op 'n openbare veiling verkoop word, na 'n tydperk van skut van 14 dae om enige koste wat opgeloop word, te dek · Die hof kan die eienaar van 'n dier wat nie op sodanige veiling verkoop word nie, beveel om enige uitstaande fooie te betaal.

Vir enige verdere navrae, bel: (023) 316-1854 / epos: admin@witzenberg.gov.za.

## Hergebruik in die ware sin van die woord



Die span by Witzenberg se materiaalherwinningsfasiliteit (MHF) het op sosiale media gesien dat die Witzenberg Vereniging vir Mense met Gestremde 'n behoefte aan boeke het. Die span het besluit om sommige van die boeke wat vir herwinning by die MHF bestem is aan dié vereniging te skenk. Deur boeke te herwin en te hergebruik, beteken ook dat minder afval op vullishope beland.




ceres pure adventure · CAPE WINELANDS DISTRICT · WITZENBERG · Tru-Cape · PERDEKRAAL EAST WIND FARM · BOLAND ATHLETICS THE HOME OF CHAMPIONS

**Skryf in aanlyn: www.entryninja.com/events/80826-michells-pass-half-marathon**